Woodoc 40 Spesifikaieblad

Tipiese Aanwending:
Woodoc 40 is 'n sterk lae-glans afwerking wat steen en klip teen waterbinnedringing, verwering en besoedeling beskerm. Woodoc 40 is spesifiek geformuleer om slegs poreuse steen en klip te verseël en moet op geen teëls, klipteëls, of leiklip aangewend word nie.

Produkeienskappe:
Woodoc 40 kan met 'n verfkwas op poreuse steen en klip aangewend word. Maak seker dat die substraat heeltemal droog is, aangesien poreuse steen en klip geneig is om vog te absorbeer en te behou. Pleister bevat vog en 'n nuutgeboude muur behoort dus toegelaat te word om behoorlik droog te word voordat enige poging aangewend word om die stene te verseël. Vog in die substraat kan die droging van Woodoc 40 belemmer of kan veroorsaak dat die "uitvloeisel" van minerale soute uit die stene onder die verseëlaar gedeponeer word. Drie kwistige, ewe nat lae Woodoc 40 behoort aangewend te word en elke laag behoort binne 6 – 12 uur droog by aanraking en binne 12 – 24 uur harddroog te wees, afhangende van die heersende weersomstandighede. Hoë omgewingsvog en swak ventilasie kan die drogingstyd tot 48 uur per laag verleng. Wend 'n volgende laag slegs aan as die vorige laag heeltemal droog is.

- Waterwerend
- Weerbestand
- Verleen 'n goedversorgde, lae-glans afwerking.
- Maklike instandhouding.

Nr: WD40/001
Gedateer 20/01/03 **Vervang:** Nuut
Naam:
Woodoc 40 – Steen en Klip Verseëlaar
Beskrywing:
Woodoc 40 is 'n poliwas-verseëlaar met 'n alkiedbasis, vir steen en klip.
Dekking:
Eerste laag 10-12m^2/liter. Daaropvolgende lae 12-14m^2/liter. 3 lae (gemiddeld) 3,3m^2/liter.
Aanwending:
Verkieslik met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik net minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Skuur: 6 - 12 uur.
Hard: 12 - 24 uur.
Droging sal varieer, afhangende van vog en omgewingstoestande.
Produkeienskappe:
Kleurlose, loodvrye verseëlaar, met nie-giftige preserveermiddels en swamwerende eienskappe.
Wasinhoud:
Hoog
Verenigbaarheid:
Minerale Terpentyn
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
500 ml, 1 liter en 5 liter.

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite die bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Deleted: ¶
¶

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538